**PROCLAMATION NO. R. 27 OF 2019**

**by the**
**PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA**

## SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): AMENDMENT OF PROCLAMATION NO. R. 22 OF 2016

Under section 2(4) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996), I hereby amend Proclamation No. R. 22 of 2016—

(*a*) by the further extension of the period referred to in the fourth paragraph of the Proclamation to the date of publication of this Proclamation; and

(*b*) by the addition of the following paragraphs after paragraph 2 of the Schedule to the Proclamation:

"3. The appointment of a service provider by Lepelle Northern Water to render engineering consulting services to Lepelle Northern Water in respect of the raising of the Tzaneen Dam and payments which were made by Lepelle Northern Water to the service provider in a manner that was—

*(a)* not fair, equitable, transparent, competitive or cost-effective; or

*(b)* contrary to applicable—

(i) legislation;

(ii) manuals, guidelines, practice notes or instructions issued by the National Treasury; or

(iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to Lepelle Northern Water,

and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by Lepelle Northern Water.

4. Any unlawful or improper conduct by employees of Lepelle Northern Water, the applicable service provider, or any other person or entity in relation to the allegations set out in paragraph 3 above.".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg this 7th day of June Two thousand and Nineteen.

**CM RAMAPHOSA**
**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**TM MASUTHA**
**Minister of the Cabinet**

**PROKLAMASIE NO. R. 27 VAN 2019**

**van die**
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): WYSIGING VAN PROKLAMASIE NO. R. 22 VAN 2016**

Kragtens artikel 2(4) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), wysig ek hierby Proklamasie No. R. 22 van 2016, deur—

(*a*) die verlenging van die tydperk vermeld in die vierde paragraaf van die Proklamasie tot die datum van publikasie van hierdie Proklamasie;

(*b*) die byvoeging van die volgende paragrawe na paragraaf 2 van die Bylae tot die Proklamasie:

"3. Die aanstelling van 'n diensverskaffer deur Lepelle Northern Water om ingenieurskonsultasie-dienste te lewer aan Lepelle Northern Water ten opsigte van die verhoging van die Tzaneen Dam en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—

(i) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend of koste-effektief was nie;

(ii) strydig was met toepaslike—

(*aa*) wetgewing;

(*bb*) handleidings, riglyne, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of

(*cc*) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op Lepelle Northern Water van toepassing is,

en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur Lepelle Northern Water opgedoen was.

4. Enige onwettige of onreëlmatige gedrag deur werknemers van Lepelle Northern Water, die toepaslike diensverskaffer of enige ander persoon of entiteit ten opsigte van die bewerings soos in paragraaf 3 van hierdie Bylae uiteengesit.".

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid Afrika te Johannesburg. op hede die 7 dag van Junie Tweeduisend-en-negentien.

**CM RAMAPHOSA**
**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**TM MASUTHA**
**Minister van die Kabinet**